BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Saam groei ons tree vir tree

# ELKEEN

## Deel 4 – Elkeen 'n lewers

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

- **Wat is een van die mooiste plekke wat jy al besoek het of gesien het? Vertel jou groep daarvan.**
- **As jy enige land of stad in die wêreld sou kon besoek, waar sou dit wees? Hoekom juis daardie land/stad?**
- **Wanneer het jy jou eerste Bybel gekry? By wie het jy jou eerste Bybel gekry? Het jy nog die Bybel?**
- **Wat het vir jou uitgestaan van die afgelope reeks?**
- **Watter statistieke wat in die afgelope preek genoem is, was vir jou nuut of interessant? Verduidelik.**

*Romeine 1:16(DB) Ek is glad nie skaam om die goeie nuus oor Jesus Christus bekend te maak nie. God se groot krag is aan die werk op* ***ELKE PLEK*** *waar hierdie boodskap verkondig word. Hy red* ***ELKEEN*** *wat dit glo, Jode en nie-Jode. God se goedheid word sigbaar oral waar mense met hulle hele lewe op Hom vertrou*

- **Hoe gemaklik is jy om die evangelie van Jesus met mense te deel? Verduidelik.**
- **Wat dink jy kan jou gemak om die evangelie te deel verander?**
- **As Paulus sê daar is krag in die evangelie, wat dink jy bedoel hy daarmee? Is dit hoe jy oor die evangelie dink?**

*Psalm 40:9-10(MSG) I've preached you to the whole congregation, I've kept back nothing, God – you know that. I didn't keep the news of your ways a secret, didn't keep it to myself. I told it all, how dependable you are, how thorough. I didn't hold back pieces of love and truth for myself alone. I told it all, let the congregation know the whole story.*

- **Wat dink jy is die gevaar as ons die goeie nuus of die wonders van God nie vir ander vertel of selfs verduidelik nie?**
- **Soms voel mense skuldig as hierdie tipe vrae gevra word, dink jy skuldgevoel is van die Here af?**
- **Is jy meer 'n een-tot-een persoon, of 'n groep mense? Hoe beïnvloed dit met wie en hoe jy die goeie nuus van Jesus met mense kan deel?**

**Lees Psalm 96:3; Matteus 28:18-20; Markus 16:15; Lukas 24:47-49; Johannes 20:21 en Handelinge 1:8 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Wat dink jy beteken dit as die Een met al die mag en gesag hierdie vir ons sê?**
- **Wat word herhaal in al hierdie gedeeltes? Hoekom dink jy herhaal die Bybel op so baie verskillende plekke hierdie opdrag?**
- **Hoe gehoorsaam sal jy sê is jy aan hierdie opdrag? Hoe dink jy kan jy dit verander?**
- **Iemand het die volgende stelling gemaak: *"Na 3 jaar wat die dissipels vir Jesus gevolg het, is hulle die wêreld in uitgestuur. As jy 3 jaar of langer die Here volg, moet jy ten minste op 'n uitreik gaan."* Wat dink jy van hierdie stelling?**
- **Waar dink jy is jou "*hier, daar en waar ook al*" om mense te bereik?**

- **Wie is jou een meer? Bid saam as groep vir hierdie mense.**
- **Watter land of mense groep lê op jou hart? Bid saam vir hierdie land/groep mense.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**